

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

R0,30

Saturday 15 April 1989

WINDHOEK

Saterdag 15 April 1989

No. 5698

CONTENTS:

INHOUD:

Page

Bladsy

AG. GOVERNMENT NOTICE

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. AG. 9 Amendment of the Telecommunication Regulations

1

No. AG. 9 Wysiging van Telekomunikasieregulasies

1

A.G. Government Notice

A.G. Goewermentskennisgewing

Office of the

Kantoor van die

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOM-
MUNICATIONS

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOM-
MUNIKASIEWESE

No. AG. 9

1989

No. AG. 9

1989

AMENDMENT OF THE TELECOMMUNI-
CATION REGULATIONS

WYSIGING VAN TELEKOMMUNIKASIE-
REGULASIES

The Administrator-General has under section 119A(1)(g) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), further amended the Telecommunication Regulations promulgated by Government Notice R.1191 of 1 July 1977 as set out in this Schedule.

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 119A(1)(g) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958) die Telekomunikasieregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1191 van 1 Julie 1977, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

SCHEDULE	BYLAE
1. The Regulations are hereby amended by the substitution in the List of Chapters preceding the Index, under Chapter 3 for the expression "B.PABX" of the expression "B.PABX SYSTEMS".	1. Die Regulasies word hierby gewysig deur in die Lys wat die Inhoudsopgawe voorafgaan, onder Hoofstuk 3, die uitdrukking "B.POTS'e" deur die uitdrukking "B.POTS-STELSELS" te vervang.
2. The Regulations are hereby amended by the substitution in the Index for the item "CHAPTER 3", and the sub-items thereunder, of the following item and sub-items:	2. Die Regulasies word hierby gewysig deur in die Inhoudsopgawe die item "HOOFSTUK 3", en sub-items daaronder, deur die volgende item en sub-items te vervang:
"CHAPTER 3: PRIVATE AUTOMATIC BRANCH EXCHANGE SYSTEMS (PABX SYSTEMS)	"HOOFSTUK 3: PRIVAAT OUTOMATIESE TAKSENTRALESTELSELS (POTS-STELSELS)
B.1 TYPE APPROVAL OF A PABX SWITCHING UNIT	B.1 TIPE GOEDKEURING VAN 'N POTS-SKAKELEENHEID
B.1.1 List of approved PABX switching units	B.1.1 Lys van goedgekeurde POTS-skakeleenhede
B.1.2 Commissioning of a PABX switching unit and PABX system.	B.1.2 Ingebruikneming van 'n POTS-skakeleenheid en POTS-stelsel
B.1.3 Exchange connections between the PABX system and the public telephone exchange.	B.1.3 Sentrale-aansluitlyne tussen die POTS-stelsel en die openbare telefoonsentrale
B.1.4 Additional exchange connections at PABX systems	B.1.4 Bykomende sentrale-aansluitlyne by POTS-stelsels
B.1.5 Responsibility for calls from PABX systems	B.1.5 Aanspreeklikheid vir oproepe vana POTS-stelsels
B.2 PROVISION OF PABX EXTENSION-LINE CABLING AND TERMINAL EQUIPMENT BY THE PRIVATE SECTOR ON THE CLIENT'S PREMISES	B.2 VERSKAFFING VAN POTS BYLYNBEBABELING EN TERMINAALTOERUSTING OP DIE KLIENT SE PERSEEL DEUR DIE PRIVAAT SEKTOR
B.2.1 PABX extension-line cabling.	B.2.1 POTS-bylynbekabeling
B.2.2 Private terminal equipment that is terminated on PABX systems.	B.2.2 Privaat terminaaltoerusting wat o POTS-stelsels afgeheg word.
B.3 MAINTENANCE OF PABX SYSTEMS	B.3 INSTANDHOUDING VAN POTS STELSELS
B.4 GENERAL PROVISIONS IN RESPECT OF PABX SYSTEMS".	B.4 ALGEMENE BEPALINGS TE OPSIGTE VAN POTS-STELSELS".

3. Chapter 1 of the Regulations is hereby amended by the insertion after the definition of "Phototelegram" of the following definitions:

"PRIVATE AUTOMATIC BRANCH EXCHANGE SWITCHING UNIT (PABX SWITCHING UNIT) - A telephone switching unit installed on a client's premises or intended to be so installed and connected to the public telecommunication network by means of exchange connections. Such unit functions as an intermediary for traffic from extensions to exchange connections or other lines, and *vice versa*, and also does the switching of traffic between extensions.

PRIVATE AUTOMATIC BRANCH EXCHANGE SYSTEM (PABX SYSTEM) - The PABX switching unit, the PABX extension-line cabling and terminal equipment connected to it.

PRIVATE AUTOMATIC BRANCH EXCHANGE EXTENSION-LINE CABLING (PABX EXTENSION-LINE CABLING) - The extension-line cabling terminated on a PABX switching unit for serving a single client or his subsidiary companies and which is confined to a single piece of land or to contiguous pieces of land owned by the same person, except where such extension-line services are provided by the Postmaster General".

4. The following chapter is hereby substituted for Chapter 3 of the Regulations:

"CHAPTER 3: PRIVATE AUTOMATIC BRANCH EXCHANGE SYSTEMS (PABX SYSTEMS)

B.1 TYPE APPROVAL OF A PABX SWITCHING UNIT

B.1.1 List of approved PABX switching units.

(1) The Postmaster General shall compile a list of approved types of PABX switching units together with the names and addresses of the respective suppliers, and may at any time amend or add to such list.

3. Hoofstuk 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur na die woordomskrywing van "Private lyn" die volgende woordomskravings in te voeg:

"PRIVATE OUTOMATIESE TAKSENTRALE-SKAKELEENHEID (POTS-SKAKELEENHEID) - 'n Telefoonskakel eenheid wat op die kliënt se perseel geïnstalleer is of vir sodanige installasie bedoel is en deur middel van sentrale-aansluitlyne met die openbare telekommunikasienet verbind word. So 'n eenheid funksioneer as 'n tussenganger vir verkeer vanaf bylyne na sentrale-aansluitlyne of ander lyne en omgekeerd, en doen ook die skakeling van verkeer tussen bylyne.

PRIVATE OUTOMATIESE TAKSENTRALESTELSE (POTS-STELSE) - Die POTS-skakeleenheid, die POTS-bylynbekabeling en terminaaltoerusting wat daarmee verbind is.

PRIVATE OUTOMATIESE TAKSENTRALE-BYLYNBEBABELING (POTS-BYLYNBEBABELING) - Die bylynbekabeling wat op 'n POTS-skakeleenheid afgeheg word vir die bediening van 'n enkele kliënt of sy filiaalmaatskappye en wat beperk is tot 'n enkele stuk grond of tot stukke grond wat aan mekaar grens en deur dieselfde persoon besit word, behalwe waar sodanige bylyndienste deur die Posmeester-generaal verskaf word".

4. Hoofstuk 3 van die Regulasies word hierby deur die volgende hoofstuk vervang:

"HOOFSTUK 3: PRIVATE OUTOMATIESE TAKSENTRALESTELSE (POTS-STELSE)

B.1 TIPE GOEDKEURING VAN 'N POTS-SKAKELEENHEID

B.1.1 Lys van goedgekeurde POTS-skakeleenhede.

(1) Die Posmeester-generaal stel 'n lys op van goedgekeurde tipes POTS-skakeleenhede tesame met die name en adresse van die onderskeie verskaffers, en kan die lys te eniger tyd wysig of aanvul.

- (2) Any supplier of a PABX switching unit who wishes such a unit to be considered for inclusion in the approved list, shall complete the official application form and ensure that his equipment, complies with the standard specification as prescribed by the Postmaster General.
- (3) Suppliers shall only be placed on the list of approved PABX switching units if they, in the opinion of the Postmaster General -
- (i) are capable in all respects to install and maintain PABX switching units according to the required standards;
 - (ii) are qualified to provide prospective purchasers of PABX switching units with adequate technical information:
 - (iii) are qualified and prepared at their own expense to train Post Office personnel in the functioning of PABX switching units, if this is required by the Postmaster General;
 - (iv) maintain in stock adequate spare parts for the PABX switching unit installed or maintained by them.
- (4) Subject to the provisions of regulation B.2(1), all suppliers who appear on the said list shall be issued with a licence permitting them to install, to alter and to maintain a PABX system, that must comply with the standard specification referred to in subregulation (2), as well as to the technical instructions issued by the Postmaster General.
- (5) The Postmaster General may delete from the said list the name of a supplier of PABX switching units or any of the units that are supplied by such a person -
- (i) if he supplies units that in any way differ from those for which approval was given; or
 - (ii) if he contravenes or fails to comply with any of the conditions under which approval was given; or
- (2) Enige verskaffer van 'n POTS-skakeleenheid wat verlang dat so 'n eenheid vir insluiting op die goedgekeurde lys oorweeg moet word, moet die amptelike aansoekvorm invul en verseker dat sy toerusting voldoen aan die standaard spesifikasie soos deur die Posmeester-generaal voorgeskryf is.
- (3) Verskaffers sal slegs op die lys van goedgekeurde POTS-skakeleenhede geplaas word indien hulle, na die oordeel van die Posmeester-generaal -
- (i) in alle opsigte bekwaam is om POTS-skakeleenhede volgens vereiste standarde te installeer en in stand te hou;
 - (ii) bevoeg is om aan voornemende kopers van POTS-skakeleenhede voldoende tegniese inligting te verskaf;
 - (iii) bevoeg en bereid is om personeel van die Poskantoor, indien dit deur die Posmeester-generaal vereis word, op eie koste in die werking van die POTS-skakeleenheid op te lei; en
 - (iv) voldoende reserwedele van die POTS-skakeleenhede wat hulle installeer of in stand hou, in voorraad aanhou.
- (4) Behoudens die bepalings van regulasie B.2(1), word aan alle verskaffers wat op bedoelde lys verskyn 'n lisensie uitgereik om 'n POTS-stelsel te installeer, te verander en in stand te hou, wat aan die standaardspesifikasie vermeld in subregulasie (2), asook aan die tegniese instruksies uitgereik deur die Posmeester-generaal, moet voldoen.
- (5) Die Posmeester-generaal kan die naam van 'n verskaffer van POTS-skakeleenhede of enige van die eenhede wat deur so 'n persoon verskaf word van die bedoelde lys skrap -
- (i) indien hy eenhede voorsien wat in enige opsig verskil van dié waarvoor goedkeuring verkry is; of
 - (ii) indien hy enige van die voorwaardes waarop goedkeuring verleen is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

- (iii) if the supplier of a PABX switching unit or any member of his personnel, in any way indicates to a member of the public that the Postmaster General or any officer of the Department promotes or recommends the use of a specific PABX switching unit; or
- (iv) if the supplier requests so in writing.
- (6) Nobody may provide any PABX-switching unit to any prospective user for termination on the public telecommunication network unless he has, in terms of these Regulations, obtained the necessary approval from the Postmaster General and is listed on the said list of approved types of PABX switching units as a supplier of such units.
- (iii) indien die verskaffer van 'n POTS-skakeleenheid of enige van sy personeel-lede, op enige wyse aan 'n lid van die publiek te kenne gee dat die Posmeester-generaal of enige amptenaar in die Departement die gebruik van 'n spesifieke POTS-skakeleenheid bevorder of aanbeveel; of
- (iv) indien die verskaffer skriftelik aldus versoek.
- (6) Niemand mag enige POTS-skakeleenhede vir afhegting op die openbare telekommunikasienet aan enige voornemende gebruiker verskaf sonder dat hy ingevolge hierdie Regulasies die nodige goedkeuring van die Posmeester-generaal verkry het en op die bedoelde lys van goedgekeurde tipes POTS-skakeleenhede as 'n verskaffer van sodanige eenhede ingeskryf is nie.

B.1.2 COMMISSIONING OF A PABX SWITCHING UNIT AND PABX SYSTEM

- (1) Anyone who requires a PABX switching unit to be installed for termination on the public telecommunication network shall apply for the facility to the Postmaster General, or to any supplier of approved PABX switching units, or to any maintenance organization referred to in regulation B.3(1). Neither the Postmaster General nor any officer of the Department shall influence a client in any way in exercising his choice with regard to any particular type of approved PABX switching unit or supplier. Similarly no supplier of a PABX switching unit may in any way indicate to any member of the public that the Postmaster General or any officer of the Department promotes or recommends the use of a specific PABX switching unit.

- (2) The configuration of the PABX system shall, where applicable, be in accordance with the statement of PABX requirements, which is obtainable from the Postmaster General on payment of the prescribed amount. Such statement is only valid for 12 months after date of issue.

B.1.2 INGEBRUIKNEMING VAN 'N POTS-SKAKELEENHEID EN POTS-STELSEL

- (1) Enigiemand wat 'n POTS-skakeleenheid vir afhegting op die openbare telekommunikasienet wil laat installeer, moet by die Posmeester-generaal, of by enige verskaffer van goedgekeurde POTS-skakeleenhede, of by enige instandhoudingsorganisasie bedoel in regulasie B.3(1) om dié fasiliteit aansoek doen. Nòg die Posmeester-generaal nòg enige amptenaar van die Departement mag 'n kliënt by die uitoefening van sy keuse met betrekking tot enige besondere tipe goedgekeurde POTS-skakeleenheid of verskaffer enigsins beïnvloed. Insgelyks mag geen verskaffer van 'n POTS-skakeleenheid op enige wyse aan 'n lid van die publiek te kenne gee dat die Posmeester-generaal of enige amptenaar in die Departement die gebruik van 'n spesifieke POTS-skakeleenheid bevorder of aanbeveel nie.

- (2) Die samestelling van die POTS-stelsel moet, waar van toepassing, ooreenkomstig die staat van POTS-benodigdhede geskied, wat teen betaling van die voorgeskrewe bedrag van die Posmeester-generaal verkrygbaar is. Genoemde staat is slegs 12 maande na datum van uitreiking geldig.

- (3) The Postmaster General shall, subject to the provisions of Regulation B.1.4, only approve the connection of a PABX system to the public telecommunication network if he is satisfied that it will not cause overloading of the switching equipment in the public telecommunication network.
- (4) No person shall, without the prior approval of the Postmaster General, alter a PABX switching unit that is connected to the public telecommunication network in terms of these Regulations, by the addition of facilities or extra equipment over and above that which have been approved.
- (5) The Postmaster General may refuse to connect a PABX system to the public telecommunication network if the position where the switching unit is positioned on the site is not acceptable to him, or where the quality of the system or the manner in which it is installed does not meet with his approval.
- (6) An approved PABX switching unit shall be installed by a licensed supplier or maintenance organization unless the Postmaster General decides otherwise.
- (7) When a licence holder uses another person's services to install the extension line cabling and terminal equipment connected to a PABX system, the licence holder remains responsible towards the Postmaster General to ensure that all licensing conditions are adhered to and that the installation is undertaken according to the requirements of the Postmaster General.
- (8) After a PABX system has been installed, the Postmaster General shall test the system to establish whether it meets the requirements for connection to the telecommunications network. The licence holder shall be liable for the prescribed test fee.
- (9) The Postmaster General reserves the right-
- (3) Behoudens die bepalings van Regulasie B.1.4, keur die Posmeester-generaal die verbinding van 'n POTS-stelsel met die openbare telekommunikasienet goed slegs indien hy tevrede is dat dit nie oorbelasting van die skakeltoerusting in die openbare telekommunikasienet sal veroorsaak nie.
- (4) Niemand mag sonder die voorafgoedkeuring van die Posmeester-generaal 'n POTS-skakeleenheid wat ingevolge die bepalings van hierdie Regulasies met die openbare telekommunikasienet verbind is, uitbrei deur die toevoeging van fasiliteite of bykomende toerusting bo en behalwe dié wat goedgekeur is nie.
- (5) Die Posmeester-generaal kan weier om 'n POTS-stelsel met die openbare telekommunikasienet te verbind indien die posisie waar die skakeleenheid op die perseel geplaas is nie vir hom aanneemlik is nie, of indien die gehalte van die stelsel, of die wyse waarop dit geïnstalleer is, nie sy goedkeuring wegdra nie.
- (6) 'n Goedgekeurde POTS-skakeleenheid moet deur 'n gelisensieerde verskaffer of instandhoudingorganisasie geïnstalleer word tensy die Posmeester-generaal anders besluit.
- (7) Wanneer die lisensiehouer 'n ander persoon se dienste gebruik om die bylynbekabeling en terminaaltoerusting wat op 'n POTS-stelsel afgeheg word, te installeer, bly die lisensiehouer aan die Posmeester-generaal verantwoordelik om te verseker dat alle lisensievoorwaardes nagekom word en dat die installasie volgens die vereistes van die Posmeester-generaal geskied.
- (8) Nadat 'n POTS-stelsel geïnstalleer is, moet die Posmeester-generaal die stelsel toets om vas te stel of dit aan die vereistes voldoen om aan die telekommunikasienet verbind te kan word. Die lisensiehouer is aanspreeklik vir die voorgeskrewe toetskoste.
- (9) Die Posmeester-generaal behou hom die reg voor -

- (a) at any time to inspect, in the presence of the licence holder or his authorized representative, every new installation before the PABX system is terminated on the telecommunication network; and
- (b) to inspect all existing PABX systems, to ensure that -
- (i) the system complies with Departmental requirements; and
- (ii) only approved terminal equipment has been used.
- (10) If, in the opinion of the Postmaster General, a PABX system does not comply with Departmental requirements he may, in the case of a new system, refuse to connect it to the public telecommunication network and, in the case of an existing system, he may disconnect it from the public telecommunication network. The Postmaster General can also disconnect an existing system from the public telecommunication network if the client or owner of the premises denies him access at any reasonable time to undertake the inspections referred to in subregulation (9).
- (11) The Postmaster General reserves the right to make any modification of any type whatsoever to the telecommunication network and shall under no circumstances be liable to the client, the supplier, the maintenance organization or any other person for any claim for damages or the cost of changes to or replacement of a PABX system or any portion thereof that may be necessitated by such modification to the telecommunication network.
- (12) Any application for changes to the capacity of a PABX switching unit that has been installed in terms of these Regulations shall be dealt with as a new application for a PABX switching unit.
- (a) om te alle tye elke nuwe installasie, in die teenwoordigheid van die lisensiehouer of sy aangewese verteenwoordiger, te inspekteer alvorens die POTS-stelsel op die telekommunikasienet afgeheg word; en
- (b) om alle bestaande POTS-stelsels te inspekteer, ten einde te verseker dat -
- (i) die stelsel aan Departementele vereistes voldoen; en
- (ii) slegs goedgekeurde terminaaltoerusting gebruik is.
- (10) Indien 'n POTS-stelsel na die oordeel van die Posmeester-generaal nie aan Departementele vereistes voldoen nie, kan hy in geval van 'n nuwe stelsel weier om dit met die openbare telekommunikasienet te verbind, en in die geval van 'n bestaande stelsel kan hy dit van die openbare telekommunikasienet diskonnekteer. Die Posmeester-generaal kan ook 'n bestaande stelsel van die openbare telekommunikasienet diskonnekteer indien die kliënt of 'n eienaar van die perseel hom te enige redelike tyd toegang sou weier om die inspeksies bedoel in subregulasie (9) uit te voer.
- (11) Die Posmeester-generaal behou hom die reg voor om enige verandering van watter aard ook al aan die openbare telekommunikasienet aan te bring en is onder geen omstandighede teenoor die kliënt, die verskaffer, die instandhoudingsorganisasie of enigiemand anders aanspreeklik vir enige eis om skadevergoeding, of vir die koste van die verandering of vervanging van 'n POTS-stelsel of enige gedeelte daarvan, wat uit sodanige aanpassing van die telekommunikasienet voortspruit nie.
- (12) Enige aansoek om verandering van die kapasiteit van 'n POTS-skakeleenheid wat ingevolge hierdie Regulasies geïnstalleer is, word behandel soos 'n nuwe aansoek om 'n POTS-skakeleenheid.

B.1.3 EXCHANGE CONNECTIONS BETWEEN THE PABX SYSTEM AND THE PUBLIC TELEPHONE EXCHANGE

Exchange connections between the PABX system and the public telephone exchange shall be provided by the Postmaster General, and shall be rented from him by the client at the prescribed tariff.

B.1.4 ADDITIONAL EXCHANGE CONNECTIONS AT PABX SYSTEMS

When, in the opinion of the Postmaster General, the traffic load on a PABX system is too high either in respect of switching equipment or exchange connections, he may require the client to bring the traffic load within limits, by either replacing the system, adequately extending it, or renting additional exchange connections.

B.1.5 RESPONSIBILITY FOR CALLS FROM PABX SYSTEMS

The Postmaster General shall accept no responsibility towards anybody for any damages that may result from the application of call metering that is done by any method whatsoever by the PABX system or any associated private equipment connected to it.

B.2 PROVISION OF PABX EXTENSION-LINE CABLING AND TERMINAL EQUIPMENT BY THE PRIVATE SECTOR ON THE CLIENT'S PREMISES

(1) A licence holder may also install, alter and maintain the extension-line cabling and terminal equipment terminated on a PABX switching unit, but only if -

- (i) no PABX system in respect of the relative client exists on the premises; or
- (ii) an existing PABX switching unit is replaced by another type; or

B.1.3 SENTRALE-AANSLUITLYNE TUSSEN DIE POTS-STELSEL EN DIE OPENBARE TELEFOONSENTRALE

Sentrale-aansluitlyne tussen die POTS-stelsel en die openbare telefoonsentrale word deur die Posmeester-generaal verskaf, en moet deur die kliënt van hom gehuur word teen die voorgeskrewe tarief.

B.1.4 BYKOMENDE SENTRALE-AANSLUITLYNE BY POTS-STELSELS

Wanneer die verkeerslading op 'n POTS-stelsel, hetsy ten opsigte van skakeltoerusting of sentrale-aansluitlyne, na die oordeel van die Posmeester-generaal te hoog is, kan hy van die kliënt vereis om die verkeerslading binne perke te bring deur òf die stelsel te vervang, toereikend uit te brei òf om bykomende sentrale-aansluitlyne te huur.

B.1.5 AANSPREEKLIKHEID VIR OPROEPE VANAF POTS-STELSELS

Die Posmeester-generaal aanvaar geen aanspreeklikheid teenoor enigiemand vir enige skade wat voortspruit as gevolg van die toepassing van oproeptelling wat op watter wyse ook al geskied deur die POTS-stelsel of enige verwante privaat toerusting wat daaraan verbind is nie.

B.2 VERSKAFFING VAN POTS-BYLYNBEBEDELING EN TERMINAALTOERUSTING OP DIE KLIËNT SE PERSEEL DEUR DIE PRIVAAT SEKTOR

(1) 'n Lisensiehouer kan ook die bylynbebedeling en terminaaltoerusting wat met 'n POTS-skakeleenheid verbind word, installeer, verander en in stand hou, maar slegs indien -

- (i) geen POTS-stelsel ten opsigte van die betrokke kliënt op die perseel bestaan nie; of
- (ii) 'n bestaande POTS-skakeleenheid deur 'n ander tipe vervang word; of

- (iii) a client changes address and the PABX switching unit is transferred to the new site; or
- (iv) a PABX switching unit is extended on the same occasion by at least 25% of the installed capacity, but in any such case only on condition that the additional extension-line capacity is not less than 50.
- (2) Where the cabling for telecommunication purposes has been done by the Postmaster General on any premises and any action in accordance with these Regulations may result in private PABX extension-line cabling also being accommodated in the same wireway system, the decision as to whether a licence holder shall be permitted to install, to alter and to maintain the extension-line cabling and terminal equipment connected to a PABX switching unit, shall rest exclusively with the Postmaster General. If the Postmaster General should decide that any particular case falls under subregulation (1), the conveyance of property rights of any existing Departmental assets may be negotiated with the Postmaster General.
- (3) The Postmaster General, notwithstanding any provision of these Regulations to the contrary, reserves the right to undertake the cabling and provide the terminal equipment and to terminate it on a PABX switching unit, in which cases the Postmaster General shall recover his costs from the client, and whereafter the responsibility for the maintenance shall rest with the client. If the client is not a licence holder he shall conclude a maintenance contract with a licence holder.
- (iii) 'n kliënt van adres verander en die POTS-skakeleenheid na die nuwe perseel verplaas word; of
- (iv) 'n POTS-skakeleenheid met ten minste 25% van die geïnstalleerde kapasiteit by dieselfde geleentheid uitgebrei word, maar in so 'n geval slegs op voorwaarde dat die bykomende bylyn-kapasiteit minstens 50 is.
- (2) Indien die bekabeling vir telekommunikasiedoeleindes deur die Posmeester-generaal op 'n perseel gedoen is en enige optrede kragtens hierdie Regulasies kan meebring dat ook privaat POTS-bylynbekabeling in dieselfde bedradingskanaal gehuisves sal word, berus die besluit of 'n lisensiehouer toegelaat sal word om die bylynbekabeling en terminaaltoerusting wat met 'n POTS-skakeleenheid verbind word, te installeer, te verander en in stand te hou, uitsluitlik by die Posmeester-generaal. Indien die Posmeester-generaal besluit dat 'n bepaalde geval onder subregulasie (1) ressorteer, kan daar met die Posmeester-generaal oor die oordrag van eiendomsreg van enige bestaande Departementele bates onderhandel word.
- (3) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie Regulasies, behou die Posmeester-generaal hom die reg voor om die bekabeling te doen en enige terminaaltoerusting te verskaf en om dit op die POTS-skakeleenheid af te heg, in welke gevalle die Posmeester-generaal sy koste van die kliënt sal verhaal, en waarna die verantwoordelikheid vir die instandhouding op die kliënt berus. Die kliënt moet 'n instandhoudingsooreenkoms met 'n lisensiehouer aangaan indien hy nie self 'n lisensiehouer is nie.

B.2.1 PABX EXTENSION-LINE CABLING

- (1) The Postmaster General shall in the normal course of events continue to cable buildings and provide and maintain the necessary facilities for the provision of telecommunication services for which he is responsible.
- (2) The Postmaster General shall terminate all exchange connections and any cable pairs on

B.2.1 POTS-BYLYNBEBABELING

- (1) Die Posmeester-generaal gaan normaalweg voort om geboue te bekabel en die nodige fasiliteite te voorsien en in stand te hou vir die verskaffing van telekommunikasiedienste waarvoor die verantwoordelikheid by hom berus.
- (2) Die Posmeester-generaal heg alle sentrale-aansluitlyne en alle kabelpare op die POTS-

the PABX main distribution frame if the distribution frame is situated outside the PABX switching unit. Such main distribution frame shall at all times be accessible to the Postmaster General. Where the main distribution frame is an integral part of the PABX switching unit, the Postmaster General shall terminate cable pairs on a termination point provided by him. The licence holder shall in such cases be responsible for the connection between the PABX switching unit and the termination point.

- (3) A licence holder or user of the service shall mark all privately installed distribution or cross-connection points in respect of cable pairs in such a manner that they are clearly recognizable as private property.
 - (4) The Postmaster General shall undertake the required negotiations, as provided for in article 80A of the Post Office Act, to arrange that wireways for telecommunication purposes are available in buildings. Licence holders shall, however, utilize separate wireways than those used by the Postmaster General: Provided that where such wireways are either congested or not available, the joint use of Post Office wireways may be negotiated with the Postmaster General: Provided further that licence holders may only utilize the vertical wireways in multistorey buildings for the provision of interfloor PABX extension-line cabling.
 - (5) With the exception of the termination point referred to in subregulation (2), licence holders shall not tamper with Post Office cabling, installations or apparatus.
 - (6) The colour of the sheath of all private extension-line cabling shall be either grey or white.
 - (7) To prevent wireways from becoming congested in multi-user buildings where different licence holders will be providing PABX extension-line cabling, the Postmaster General may request that a full description of the lay-out of the proposed extension-line cabling be submitted to him for approval before the work is commenced with.
- hoofverdeelraam af indien die verdeelraam buite die POTS-skakeleenheid aangebring is. Sodanige hoofverdeelraam moet te alle tye vir die Posmeester-generaal toeganklik wees. In geval waar die hoofverdeelraam 'n integre-rende deel van die POTS-skakeleenheid is, heg die Posmeester-generaal kabelpare af op 'n afhegpunt wat deur hom verskaf word. Die lisensiehouer is in sodanige gevalle verantwoordelik vir die verbinding tussen die POTS-skakeleenheid en die afhegpunt.
- (3) 'n Lisensiehouer of gebruiker van die diens moet alle privaat geïnstalleerde distribusie- of kruisverbindingpunte ten opsigte van kabelpare op so 'n wyse merk dat dit duidelik as privaat eiendom uitgeken kan word.
 - (4) Die Posmeester-generaal doen die nodige onderhandelinge om te reël dat bedradingskanale vir telekommunikasiedoeleindes in geboue beskikbaar is soos voorsien in artikel 80A van die Poswet. Lisensiehouers moet egter van afsonderlike bedradingskanale gebruik maak as dié wat deur die Posmeester-generaal gebruik word. Met dien verstande dat as sodanige bedradingskanale òf oorvol òf nie-beskikbaar is nie, daar met die Posmeester-generaal onderhandel kan word oor die gesamentlike gebruik van Poskantoorbedradingskanale: Met dien verstande voorts dat lisensiehouers die vertikale bedradingskanale in multi-verdiepinggeboue slegs vir die voorsiening van tussenverdieping POTS-bylynbekabeling mag gebruik.
 - (5) Met uitsondering van die afhegpunt soos bedoel in subregulasie (2), mag lisensiehouers nie met Poskantoorbekabeling, -installasies of -toerusting peuter nie.
 - (6) Die kleur van die omhulsel van alle privaat POTS-bylynbekabeling moet òf grys òf wit wees.
 - (7) Om te voorkom dat bedradingskanale oorvol raak by multigebruikergeboue waar verskillende lisensiehouers POTS-bylynbekabeling verskaf, kan die Posmeester-generaal versoek dat voordat die werk 'n aanvang neem 'n volledige beskrywing van die uitleg van die voorgestelde bylynbekabeling vir goedkeuring aan hom voorgelê word.

B.2.2 PRIVATE TERMINAL EQUIPMENT THAT IS TERMINATED ON PABX SYSTEMS

- (1) Terminal equipment that may be terminated under licence on PABX systems shall be of the same type as that provided by the Postmaster General for use on the public telecommunication network and shall be limited to extension-line telephone instruments and plan systems: Provided that any other apparatus that has been licensed by the Postmaster General may be terminated on the system subject to the conditions pertaining to such apparatus as contained in Chapter 2.1 of the Telecommunication Regulations.
- (2) Extension line telephone instruments and plan systems referred to in subregulation (1), shall firstly be purchased direct from the manufacturers [Telephone Manufacturers of SA (Pty) Ltd.]. If the abovementioned organization cannot provide in a specific requirement such terminal equipment may be purchased from the Postmaster General if in the opinion of the Postmaster General existing stock positions are sufficient. Except with the approval of the Postmaster General and subject to the proviso to sub-regulation (1) no person shall obtain any extension-line telephone instrument or plan system for connection to the public telecommunication system - including PABX systems - from any other source than that mentioned in this subregulation. The Postmaster General reserves the right, without prejudice to any provision of the Act or the Telecommunication Regulations, to summarily disconnect any unauthorized apparatus from the system.
- (3) All extension-line telephone instruments and plan systems obtained in terms of subregulation (2) from either the Postmaster General or the manufacturer, shall be clearly and recognizably marked as belonging to the licence holder or user of the system. When such mark does not appear on terminal equipment, it will be assumed that it is the property of the Postmaster General until the contrary is proved.

B.2.2 PRIVAAT TERMINAALTOERUSTING WAT OP POTS-STELSELS AFGEHEG WORD

- (1) Terminaaltoerusting wat kragtens 'n lisensie op POTS-stelsels afgeheg mag word, moet van dieselfde tipe wees as dié wat deur die Posmeester-generaal vir gebruik op die openbare telekommunikasienet verskaf word en is beperk tot bylyntelefooninstrumente en planstelsels: Met dien verstande dat enige ander apparaat wat deur die Posmeester-generaal gelisensiëer is op die stelsel afgeheg mag word onderworpe aan die voorwaardes wat op sodanige apparaat van toepassing is soos vervat in Hoofstuk 2.1 van die Telekomunikasieregulasies.
- (2) Bylyntelefooninstrumente en planstelsels bedoel in subregulasie (1) moet eerstens direk van die vervaardiger [Telefoonvervaardigers van SA (Edms.) Bpk.] aangekoop word. Wanneer genoemde instansie nie in 'n bepaalde behoefte kan voorsien nie kan sodanige terminaaltoerusting van die Posmeester-generaal aangekoop word, mits die bestaande voorraadposisie na die mening van die Posmeester-generaal voldoende is. Behalwe met die goedkeuring van die Posmeester-generaal en onderworpe aan die voorbehoudsbepaling by subregulasie (1), mag niemand enige bylyntelefooninstrument of planstelsel vir verbinding met die openbare telekommunikasienet - POTS-stelsels ingesluit - verkry uit 'n ander bron as die wat in hierdie subregulasie vermeld word nie. Die Posmeester-generaal behou hom die reg voor om sonder afbreuk aan enige bepaling van die Wet of die Telekomunikasieregulasies ongemagtigde apparaat summier van die stelsel te ontkoppel.
- (3) Alle bylyntelefooninstrumente en planstelsels wat ingevolge subregulasie (2) van of die Posmeester-generaal of van die vervaardiger verkry is, moet duidelik en herkenbaar as behorende aan die lisensiehouer of gebruiker van die stelsel gemerk word. Wanneer sodanige merk nie op terminaaltoerusting verskyn nie, word dit aanvaar dat dit die eiendom van die Posmeester-generaal is totdat die teendeel bewys word.

(4) As extension-line telephone instruments and plan systems sold by the Postmaster General in terms of subregulation (2) becomes the property of the licence holder, the Postmaster General shall not be responsible for the maintenance of such apparatus.

(5) Licence holders shall provide the Postmaster General, at such times as may be determined by him, with a statement as may be required by the Postmaster General, in respect of the number of extension-line terminals, the nature thereof and any other information that may relate to the PABX system.

B.3 MAINTENANCE OF PABX SYSTEMS

(1) Subject to the provisions of regulation B.2(1) the Postmaster General may issue a maintenance licence to a person, who is not licensed as a supplier in terms of regulation B.1.1(4) on the conditions that the Postmaster General may specifically prescribe from time to time or that are prescribed herein by this regulation to install, to alter and to maintain PABX systems, and the holder of any such licence shall be known as a maintenance organization.

(2) A person who in terms of subregulation (1) has been licensed by the Postmaster General, shall at all times comply with the procedures and requirements as set out in the standard specification for PABX switching units and the technical instructions as issued by the Postmaster General. In addition the licence holder shall -

(i) have access to a stock of spares as well as technical information with regard to circuit diagrams, maintenance manuals, etc.,; and

(ii) as far as the maintenance of electronic-type PABX systems is concerned, conclude an agreement with the supplier of such system for the repair of defective printed-circuit boards, the availability of the necessary software support and, where applicable, any other matter regarding the maintenance of the system.

(4) Aangesien bylyntelefooninstrumente e planstelsels wat ingevolge subregulasie (deur die Posmeester-generaal verkoop wor die eiendom van die lisensiehouer word, is di Posmeester-generaal nie verantwoordelik vi die instandhouding van sodanige apparaa nie.

(5) Lisensiehouers moet op die tye wat di Posmeester-generaal aandui 'n staat voorsie van die getal bylynterminale, die aard daa van en alle ander gegewens wat op die POT stelsel betrekking mag hê, soos deur di Posmeester-generaal vereis mag word.

B.3 INSTANDHOUDING VAN POT, STELSELS

(1) Behoudens die bepalings van regulasie B.2(kan die Posmeester-generaal aan iemand w nie as 'n verskaffer ingevolge regulas B.1.1(4) gelisensieër is nie, 'n instandhoudin lisensie uitreik op die voorwaardes wat d Posmeester-generaal spesiaal van tyd tot ty voorskryf of wat by hierdie regulasie voorge kryf word, om POTS-stelsels te installeer, verander en in stand te hou, en die houer va sodanige instandhoudinglisensie staa bekend as 'n instandhoudingorganisasie.

(2) 'n Persoon wat kragtens subregulasie (1) de die Posmeester-generaal gelisensieer is, mo te alle tye die voorskrifte en vereistes nako wat uiteengesit is in die standaard spesifikas vir POTS-skakeleenhede, asook in die te niese instruksies uitgereik deur d Posmeester-generaal. Hierbenewens moet d lisensiehouer -

(i) toegang hê tot 'n voorraad onderdel asook tegniese inligting met betrekki tot kringdiagramme, instandhouding handleidings, ens.,; en

(ii) versover dit die instandhouding van ele troniese POTS-stelsels raak, 'n ooree koms met die verskaffer van so 'n stels sluit vir die herstel van defekte etskrin borde, die beskikbaarstelling van d nodige sagteware-ondersteuning en, wa van toepassing, enige ander aangeleen heid in verband met die instandhoudi van die stelsel.

(3) The licence holder shall furnish proof to the satisfaction of the Postmaster General that during the validity of the licence he will have personnel in his employ who have the necessary qualifications and experience to install, to alter and to maintain the type of PABX system for which he is licensed.

(3) Die lisensiehouer moet tot bevrediging van die Posmeester-generaal bewys lewer dat hy tydens die geldigheidsduur van die lisensie personeel in sy diens sal hê wat die nodige kwalifikasies en ondervinding het om die tipe POTS-stelsel waarvoor hy gelisensieër is, te installeer, te verander en in stand te hou.

B.4 GENERAL PROVISIONS IN RESPECT OF PABX SYSTEMS

B.4 ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN POTS-STELSELS

(1) No person, including the licence holder, shall incorporate into a PABX system any additional facility or effect any modification thereof without the prior authority of the Postmaster General having been obtained therefore.

(1) Niemand, met inbegrip van 'n lisensiehouer, mag in 'n POTS-stelsel enige bykomende fasiliteit inkorporeer of enige modifikasie daaraan aanbring, sonder dat vooraf magtiging daarvoor van die Posmeester-generaal verkry is nie.

(2) The Postmaster General shall not be liable towards anyone for any loss or damage originating or resulting from the installation, alteration, maintenance or operation of a PABX system.

(2) Die Posmeester-generaal is nie teenoor enigiemand aanspreeklik vir enige verlies of skade wat ontstaan of voortspruit as gevolg van die installering, verandering, instandhouding of bedryf van 'n POTS-stelsel nie.

(3) Where, in the opinion of the Postmaster General, the operation of a PABX system in whatever manner causes any technical problems or has a detrimental effect on the public telecommunication network, the Postmaster General may disconnect the PABX system from the network.

(3) Indien die bedryf van 'n POTS-stelsel op water wyse ook al na die oordeel van die Posmeester-generaal enige tegniese probleme op die openbare telekommunikasienet veroorsaak of dit nadelig beïnvloed, kan die Posmeester-generaal die POTS-stelsel van die net diskonnekteer.

(4) No person shall contract with a client to provide, to alter or to maintain a PABX system or shall provide any person with any such system, or shall alter or maintain it, unless he has a licence as referred to in regulation B.1.1(4) or B.3(1).

(4) Niemand mag met 'n kliënt ooreenkom om 'n POTS-stelsel te verskaf, te verander of in stand te hou, of so 'n stelsel aan iemand anders verskaf of dit verander of in stand hou nie, tensy hy in besit is van 'n lisensie bedoel in regulasies B.1.1(4) of B.3(1).

(5) Each individual PABX system shall be installed, altered and maintained by a single licence holder.

(5) Elke afsonderlike POTS-stelsel moet deur 'n enkele lisensiehouer verskaf, verander en in stand gehou word.

(6) Where a client would like to provide, to alter and to maintain his system himself he shall be licensed for this purpose by the Postmaster General. A client who does not maintain his PABX system himself shall conclude a maintenance agreement with a person who has a licence referred to in regulation B.1.1(4) or B.3(1): Provided that the client shall before the agreement comes into operation inform

(6) Indien 'n kliënt self die verskaffing, verandering en instandhouding van sy POTS-stelsel wil onderneem, moet hy vir dié doel deur die Posmeester-generaal gelisensieër word. 'n Kliënt wat nie self sy POTS-stelsel in stand hou nie, moet 'n instandhoudingsooreenkoms sluit met iemand wat oor 'n lisensie bedoel in regulasie B.1.1(4) of B.3(1) beskik: Met dien verstande dat die kliënt, voordat so 'n ooreen-

the Postmaster General in writing of any such maintenance agreement and of the date on which it becomes effective.

- (7) When the provision, alteration and maintenance of a PABX system is undertaken by a licence holder, the Postmaster General shall not be responsible for the inefficient operation thereof, and shall not become involved in any dispute that may arise between such a licence holder and the user of the service.
- (8) Before service difficulties or any fault condition is reported to the Postmaster General, the client shall ensure that any such problem or condition does not exist in his PABX system by having the fault investigated by the licence holder who maintains his system. The Postmaster General may refuse to accept a service difficulty or fault condition for investigation before this condition has been complied with. The Postmaster General shall not be liable for any loss or damage emanating from a service difficulty or fault condition in the public telecommunication network or any part of the Departmental system.
- (9) Should it be proved that a service difficulty or fault condition which is accepted for investigation by the Postmaster General, after the licence holder which maintains the system has confirmed that the fault is not in the relative PABX-system, was actually in the system, the expenses incurred by the Postmaster General will be recovered from the licence holder.
- koms in werking tree, die Posmeester-generaal skriftelik moet verwittig van enige sodanige instandhoudingsooreenkoms en van die datum waarop dit in werking tree.
- (7) Wanneer die verskaffing, verandering en instandhouding van 'n POTS-stelsel deur 'n lisensiehouer onderneem word, is die Posmeester-generaal nie aanspreeklik vir enige ondoeltreffende werking daarvan nie, en raak hy nie betrokke by enige geskil wat tussen so 'n lisensiehouer en die gebruiker van die diens mag ontstaan nie.
- (8) Alvorens diensprobleme of enige fouttoestand aan die Posmeester-generaal gerapporteer word, moet die kliënt seker maak dat so 'n probleem of toestand nie in sy POTS-stelsel bestaan nie deur die fout te laat ondersoek deur die lisensiehouer wat sy stelsel in stand hou. Die Posmeester-generaal kan weier om 'n diensprobleem of fouttoestand vir ondersoek te aanvaar alvorens aan hierdie voorwaarde voldoen is. Die Posmeester-generaal is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade wat uit 'n diensprobleem of fouttoestand in die openbare telekommunikasienet of enige gedeelte van die Departementele stelsel voortspruit nie.
- (9) Indien daar bewys word dat 'n diensprobleem of fouttoestand wat deur die Posmeester-generaal vir ondersoek aanvaar is, nadat die lisensiehouer wat die stelsel in stand hou bevestig het dat die fout nie in die betrokke POTS-stelsel is nie, wel in die stelsel bestaan het, sal die uitgawe deur die Posmeester-generaal aangegaan op die lisensiehouer verhaal word.

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika